

KONINKRYK

LES 44

1 GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2 DEEL (20 minute)

**[STILTETYE]
ESEGIËL 36, 37, 38 en 39**

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Esegiël 36, 37, 38 en 39). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3 MEMORISERING (5 minute) **[SLEUTELVERSE IN ROMEINE] (17) ROMEINE 12:17-18**

Herhaal twee- twee:

(17) Romeine 12:17-18. Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.

4 BYBELSTUDIE (85 minute) **[DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE] ROMEINE 14:1-23**

Inleiding. Romeine 14:1 tot 15:6 gee onderrig oor die christelike verantwoordelikheid ten aansien van broers met 'n sterk of swak geloof (of beter: oortuiging). In hierdie verband gaan dit nie oor geloof in Jesus Christus wat tot verlossing lei nie, maar oor hul geloofsoortuiging met betrekking tot wat hulle as Christene wel of nie moet doen! Hul subjektiewe geloof bepaal hul persoonlike menings of geloofsoortuigings met betrekking tot kontroversiële sake.

Maar let wel dat 'n Christen met "'n sterk geloof" (geloofsoortuiging) op 'n bepaalde punt op die gebied van die kontroversiële dinge (dinge waaroor 'n mens verskillende menings kan hê), tegelyk "'n swak geloof" (geloofsoortuiging) kan hê op 'n ander geestelike punt, bv. in kennis van christelike waarhede, gebed of ywer in die christelike bediening. Netso kan 'n Christen met "'n swak geloof" (geloofsoortuiging) ten aansien van 'n kontroversiële saak "'n sterk geloof" (geloofsoortuiging) ten aansien van 'n ander geestelike saak hê.

STAP 1. LEES. GOD SE WOORD

Lees. Ons gaan Romeine 14:1-23 saam bestudeer.
Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK. WAARNEMINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?

OF: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?

Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudie notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.

Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

14:1-2

Ontdekking 1. Die kontroversiële sake onder Christene.

(1) Die nie-kontroversiële sake.

In die briewe van die apostel Paulus skryf hy aan Christene in verskillende omstandighede. Byvoorbeeld:

- In sy brief aan die Korintiërs skryf hy oor regsake onder Christene, toleransie van ongehoorsame Christene in die gemeente, huwelik en egskeding, ens.
- In sy brief aan die Galasiërs skryf hy oor die valse leerstellings van bepaalde Jode wat sê dat Christene alleen deur die werke van die wet gered kan word.

In Rome was daar Christene uit totaal verskillende agtergronde en daarom met verskillende menings (geloofsoortuigings). Hul meningsverskille het ontaard, sodat sterk Christene neergekyk het op die menings van swak Christene en swak Christene die menings van sterk Christene veroordeel het.

Menings is sake wat alleen maar waarskynlik is, terwyl oortuigings onwrikbare geloofstellinge is. Maar in Rome het sommige mense hul menings beskou as absolute geloofsoortuigings! Die Christene te Rome het verskillende menings gehad oor wat 'n mens mag eet (rein en onrein voedsel) en oor wanneer iets 'n godsdienstige fees is (Sabbat, vastedae, Paasfees, ens.). Hulle het met mekaar gestry oor die vraag of Christene alleen maar groente of alles mag eet (Romeine 14:2). En hulle het gestry oor die vraag of Christene bepaalde dae moes afsonder as godsdienstige feeste of alle dae maar as gelyk moes beskou (Romeine 14:5).

Die agtergrond vir hierdie meningsverskille was waarskynlik *die seremoniële wet* in die Ou Testament waarmee Christene wat vroeër Jode proseliete was, goed bekend was. Die seremoniële wet het die vereistes van God geopenbaar waarmee mense God moes benader en aanbid. Dit het reëls bevat oor heilige mense (priesters en Leviëte), heilige plekke (tabernakel en tempel), heilige tye (Sabbatsdae, godsdienstige feeste) en heilige handeling (offerandes, besnydenis, rein voedsel, wassing, eersgeborenes, eerste vrugte van die oes, tiendes, ens.). Na die ballingskap het die godsdienstige leiers van Israel 613 deur mense gemaakte wette hieraan toegevoeg en het hulle dit verplig vir alle Jode gemaak!

Dus, enersyds het veral Jode en proseliete wat later Christene geword het hierdie wette as belangrik en verplig beskou. Hulle het nog nie verstaan dat Jesus Christus by sy eerste koms die seremoniële wet van God verander het (Hebreërs 7:12), vervul het (Matteus 5:17), opgehef het (Kolossense 2:14) en afgeskaf het (Efesiërs 2:14-15) en dat Jesus Christus alle deur mense gemaakte wette van die Joodse godsdienstige leraars verwerp het (Markus 7:1-13)! Andersyds het die nie-Jode wat Christene geword het hierdie wette nie as belangrik en verplig beskou nie. Daarom het daar stryd in die gemeente ontstaan oor hul meningsverskille.

Die saak het alleen maar erger geword toe Christene van altwee kante hul menings as absolute geloofsoortuiginge begin beskou het! Om 'n meningsverskil te hê oor 'n kontroversiële saak is op sigself nie verkeerd nie. Maar wanneer mense deur hul persoonlike mening (of kerklike tradisie) God se Woord kragtelos bly maak (Grieks: akuroó) (onvoltooid teenwoordige tyd) (Markus 7:13; Galasiërs 3:17), hul persoonlike menings (of kerklike tradisies) aan ander Christene opdring (Handelinge 15:1) en hulle vir hul persoonlike menings minag of veroordeel (Romeine 14:3), dan word die gebod om mekaar in liefde te aanvaar deur beide kante oortree (Romeine 14:1)!

(3) Kontroversiële sake onder Christene vandag.

In die teenswoordige tyd kan ons die volgende sake as kontroversiële sake onder Christene beskou:

- Moet Christene sommige of alle christelike feeste in die hele jaar vier (die kerklike jaar volg)?
- Moet gemeentes elke Sondag dieselfde liturgie bly volg?
- Moet Christene mense op dieselfde manier met water doop?
- Moet Christene die Avondmaal elke week of alleen maar 'n paar maal per jaar vier?
- Moet Christene tweemaal op Sondag of selfs elke dag kerk toe gaan?
- Moet Christene alleen maar Psalms sing of mag hulle ook nuwe geestelike liedere komponeer en sing?
- Mag Christene verskillende musiekinstrumente in die kerkiens gebruik?
- Mag Christene op verskillende maniere musiek maak, hande klap, dans of iets uitroep in die kerk?
- Moet die kerklike ampte ampsklere (togas, boordjie, ens.) dra om hulle van ander Christene te onderskei?
- Moet Christene hul op 'n bepaalde manier klee sodat ander mense hul as Christene kan herken?
- Moet Christenmanne kort hare of baarde dra?
- Moet Christenvroue 'n kopdoek (of hoed) dra?
- Mag Christene juwele dra, alkohol drink, dans, kansspeletjies (met 'n dobbelsteen) speel sonder om daarby met geld te dobbel, televisie of DVDs kyk, ens.
- Mag Christenvroue in die offisiële byeenkomste praat?
- Mag mense met homoseksuele neigings met die gemeente-aktiwiteite meedoen?
- Is dwelmverslaafdes, prostitute en mense vanuit ander bevolkingsgroepe welkom in die gemeenteblyeenkomste?
- Moet Christene ook in die politiek en die maatskappy betrokke raak?
- Moet Christene ook verantwoordelik met water en energie omgaan sodat die opwarming van die aarde terug gedring word?
- Moet Christene verantwoordelik omgaan met hoeveel vis hulle uit die see vis, hoeveel beesvleis hulle vir die vleisindustrie produseer, hoeveel hoenders hulle in één hok plaas, hoeveel landbougrond hulle gebruik vir die produksie van brandstof vir karre of tabak vir sigarette, ens.?
- Moet Christene help om die oerwoude te bewaar vir hardhout, diere, voëls, insekte en die bevordering van reën?
- Mag Christene die enorme wapenindustrie goedkeur omdat dit soveel geld vir die politiek oplewer?
- Mag elke mens maar 'n vuurwapen aanskaf en dra (die tweede amendement in die Amerikaanse grondwet)?
- Mag Christene belasting ontduik?
- Mag Christene op Sondae byvoorbeeld fietsry, swem en ander sport beoefen?
- Ensovoorts.

Christene behoort persoonlike oortuigings oor hierdie dinge te hê! Maar Christene moet ook besef dat ander Christene ander oortuigings oor hierdie sake kan hê en selfs mag hê!

14:3-4

Ontdekking 2. Die houding wat Christene sou moet hê met betrekking tot die kontroversiële sake.

Vers 1 noem sommige Christene “swak in die geloof”. Dit verwys nie na hul geloof in Jesus Christus wat tot verlossing lei nie, maar na hul geloofsoortuiging oor wat hulle as Christen wel en nie mag doen nie! Hul subjektiewe geloof bepaal hul persoonlike menings, oortuigings of geloof met betrekking tot die kontroversiële sake. Daar is Christene wat dink dat Christene bepaalde “onrein voedsel” (bv. varkveis) nie mag eet nie en ander Christene wat meen dat Christene alles mag eet.

Deur die benamings “swak” en “sterk” word geen veragting uitgedruk nie, maar alleen maar onderskeid. Paulus noem die geloof of geloofsoortuiging dat ’n mens bepaalde dinge nie mag doen nie “’n swak geloof”, omdat daardie geloof ’n mens makliker tot struikeling en val bring as “’n sterk geloof” wat ’n mens toelaat om dieselfde dinge wel te doen.

(1) Christene met ’n sterk geloof mag nie neerkyk op Christene met ’n swak geloof nie.

Romeine 14:1 sê, “Aanvaar die een wat in die geloof swak is, sonder om met hom te stry as sy opvatting met joune verskil.” Hierdie vermaning is gerig op Christene met ’n sterk geloof. Hulle mag die menings of geloofsoortuigings van swak Christene nie veroordeel nie. Byvoorbeeld, hulle mag nie negatiewe opmerkings maak oor wat hulle wel of nie mag eet en drink nie, of oor watter dae hulle as belangriker as ander dae beskou nie. Hulle mag nie met minagting neerkyk op sulke mense nie (Romeine 14:3).

(2) Christene met ’n swak geloof mag geen oordeel vel oor Christene met ’n sterk geloof nie.

Romeine 14:3 sê: “Die een wat net groente eet, moet die ander wat alles eet, nie veroordeel nie.” Hierdie vermaning is gerig op Christene met ’n swak geloof. Hulle mag die menings van sterk Christene nie veroordeel nie. Byvoorbeeld, hulle mag Christene wat nie bepaalde reëls volg, bestempel as tweederangse Christene of selfs as geen Christene nie. Hulle mag sterk Christene nie veroordeel as hulle ander klere dra, anders eet en drink of anders sing nie. Hulle mag hulle nie bestempel as ongehoorsame Christene of ongeestelike Christene nie. God het die sterk Christene aanvaar en die swak Christene mag nie afkeur wat God goedgekeur het nie, of verwerp wie God aangeneem het.

Romeine 14:4 sê: “Wie is jy om oor iemand anders se bediende te oordeel? Sy eie werkgewer sal oordeel of hy goed doen of nie. (Letterlik:) Hy sal egter staande gehou word, want die Here is in staat om hom staande te hou (ANV: Maar hy sal goed doen; daarvoor sal die Here sorg.)” Die swak Christene word vermaan om hulle nie in te meng met die huishoudelike aangeleenthede van die Here nie, omdat die Here hul lewensstyl met groter vryheid aanvaar het.

Die swak Christene was geneig om die vryheid van die sterk Christene te veroordeel as “wêreldsgesindheid” of “’n gebrek aan toewyding” en selfs as “afvalligheid van die geloof”. Die swak Christene het gedink dat Jesus Christus die lewensstyl van die sterk Christene afgekeur het. Maar Paulus leer dat die Here van die Kerk/Gemeente die huisreëls en norme bepaal en dat die bewoners mekaar nie met menslike norme en reëls mag beoordeel nie! Hy vermaan die swak Christene om hul kritiese veroordeling van die geloof (geloofsoortuigings) van die sterk Christene op te gee. Die (godsdiensige) lewensstyl van die sterk Christene word deur Jesus Christus aanvaar en Hy sal daarvoor sorg dat hulle standvastig in die Christelike Geloof sal bly.

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Romeine 14:1-23 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen ’n beurt kry om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

14:5-9

Vraag 1. Hoe behoort Christene hul persoonlike menings en oortuigings oor die kontroversiële sake te beskou?

Aantekeninge.

(1) Christene moet in hul eie gemoed oortuig wees van hul eie opvatting oor die kontroversiële sake (Romeine 14:5)

Daar is twee uiterstes en albei moet vermy word:

Enersyds is daar gemeentes wat konformiteit eis. Wanneer die voorganger of gemeentelede konformiteit in kontroversiële sake eis, word God se doel gemis, naamlik die eis om mekaar lief te hê en verskeidenheid te aanvaar!

Die apostel Paulus spoor die Christene aan om diversiteit in die gemeente te aanvaar en mekaar se menings oor die kontroversiële sake (bv. vleis eet en alkohol drink)(vers 23) te verdra.

Andersyds is daar Christene wat nog geen persoonlike oortuigings het nie. Die apostel Paulus sê dat elke Christen “in sy eie gemoed *altyd* oortuig moet wees van sy eie opvatting” (Grieks: *tó idió noi pléroforeó*) (bevel, onvoltooid teenwoordige tyd) oor die verskillende menings waaroor mense stry, omdat dit die enigste manier is om hierdie dinge “vir die Here te doen of nie te doen nie”. Elke Christen het nie alleen die reg om ’n persoonlike mening of oortuiging in hierdie (kontroversiële) sake te hê nie, maar God beveel dat elke Christen duidelike oortuigings oor kontroversiële sake moet hê en volgens sy oortuigings moet lewe.

(2) Christene moet hul gedrag laat bepaal deur alles vir die Here te doen (Romeine 14:6).

Op die gebied van die vryheid (i.e. waar Christene die vryheid het self te kies en te besluit wat hulle wel of nie doen) is die gedrag van ’n Christen nie “ongeestelik” nie. Wat Christene ook al doen of nalaat om te doen is “vir die Here”. Sy beseft dat hy die Here dien is nooit afwesig nie (sien 1 Korintiërs 10:31; Kolossense 3:17,23). Die innerlike houding en motivering waarmee iets gedoen of nagelaat word, is wat belangrik is vir die Here.

Die bewys dat die persoonlike oortuiging van ’n Christen en die gedrag wat daarop gebaseer is vir God (die Here) aanvaarbaar is, is dat hy God daarvoor bedank (Matteus 15:36; Handeling 27:35; 1 Korintiërs 10:30), ongeag of hy dit baie of min doen. “Alles wat God gemaak het, is immers goed. Niks wat met danksegging ontvang word, is verwerplik nie” wanneer dit gebruik word:

- in ooreenstemming met die onderrig van God in die Bybel (1 Timoteüs 4:5)
- met volle persoonlike oortuiging (Romeine 14:5)
- nadat die Christen daarvoor gebid het (1 Timoteüs 4:4).

Deur God daarvoor te bedank, toon die Christen sy afhanklikheid en toewyding aan God.

(3) Christene behoort hul persoonlike oortuigings op ’n opbouwende wyse te verdedig (Romeine 14:16).

“Moenie dat die goeie wat julle het, ’n slegte naam kry nie.” Die goeie wat die sterk Christen besit, is sy vryheid met betrekking tot wat hy eet en drink en hoe hy sy dae inhoud gee. Die sterk Christen moet nie voel dat sy vryheid met betrekking tot een of ander kontroversiële saak deur die gewete van ’n swak Christen veroordeel word nie, omdat hy God bedank vir sy vryheid. “Waarom”, sou jy vra, “moet my vryheid beperk word deur ’n ander man se gewete? As ek iets met danksegging geniet, waarom word daar van my kwaad gepraat oor iets waarvoor ek God dank” (1 Korintiërs 10:29-30)?

Die sterk Christen moet wat hy goedkeur vir die Here doen en die swak Christen moet wat hy afkeur ook vir die Here doen (1 Korintiërs 10:31). Die sterk Christen is vry om te geniet van die dinge wat God geskep het om met danksegging te ontvang. Die sterk Christen hoef hom nie skuldig en verwerp te voel of hom te skaam omdat hy bepaalde persoonlike oortuigings met betrekking tot die kontroversiële sake het wat deur swak Christene veroordeel word. Wanneer sy persoonlike oortuigings met betrekking tot die kontroversiële sake deur die swak Christen aangeval word, mag die sterk Christen sy oortuigings op ’n opbouwende en liefdevolle manier verdedig.

(4) Christene behoort hul persoonlike oortuigings met betrekking tot die kontroversiële sake ’n saak tussen hulleself en God wees (Romeine 14:22).

“Laat jou oortuiging hieroor (d.w.s. jou geloofsoortuiging oor die kontroversiële saak) ’n saak tussen jou en God wees.” Die sterk Christen moet sy persoonlike oortuiging oor die kontroversiële saak nie verkondig of verdedig tot nadeel van die swak Christen nie! Maar sterk Christene het wel die reg om soortgelyke oortuigings te hê. Hulle mag hul oortuigings ook nie opgee nie! As hulle hul oortuigings opgee, doen hulle dinge sonder geloof en dit is in God se oë “sonde” (Romeine 14:23)!

14:10-14

Vraag 2. Hoe hoort Christene die persoonlike menings of oortuigings van ander met betrekking tot die kontroversiële sake te beskou?

Aantekeninge.

(1) Christene hoort die menings, oortuigings of geloof van ander met betrekking tot die kontroversiële sake nie te beoordeel (veroordeel) nie (Romeine 14:10-12).

Alle Christene sal eendag voor die regterstoel van Jesus Christus staan en rekenskap van hul hele lewe moet aflê. Hulle hoef nie rekenskap te gee van hoe ander Christene geleef het nie. Hulle moet alleen rekenskap gee oor hoe hulleself geleef het! “God sal rekenskap eis oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die geheim gedoen word, of dit goed is of kwaad” (Prediker 12:14). En Jesus sê; “Dit sê Ek vir julle: Van elke ligsinnige woord wat die mense sê, sal hulle rekenskap moet gee op die oordeelsdag (Matteus 12:36).

Daarom moet Christene nie neerkyk op die menings, oortuigings of gedrag van ander Christene met betrekking tot die kontroversiële sake en dit ook nie beoordeel (veroordeel) nie. God het Christene verbied om mense buite die Christelike Kerk/Gemeente te oordeel, omdat alleen Christus dit mag doen (Matteus 7:1-2; 1 Korintiërs 5:12-13). God het ook

Christene verbied om ander Christene te oordeel, behalwe wanneer daar duidelik sonde gepleeg is (sien Matteus 18:15-17; 1 Korintiërs 5:1-13; 1 Timoteüs 5:20). Christene behoort eerder hul eie kritiese houding en liefdelose gedrag te oordeel (Lukas 6:42). Hulle behoort die oortredings van hul eie oortuigings en die veroordeling van die oortuigings van ander te oordeel!

(2) Christene moet onderskeid maak tussen wat objektief waar is en wat bepaalde Christene as subjektief waar ag (Romeine 14:14).

Wat duidelik in die Bybel beveel, verbied en onderrig word, is objektief waar! En wat geglo word waar te wees, selfs as die Bybel daar geen duidelike onderrig oor gee nie, is subjektief waar.

Byvoorbeeld, Jesus Christus leer duidelik dat alle soorte van voedsel “rein” is (Markus 7:15,19). En die apostel Paulus leer dat alles wat God geskape het “goed” is en dat niks “verwerplik” is wanneer dit onder danksegging aanvaar word (1 Timoteüs 4:4-5; sien Romeine 14:14,20). Die apostel Paulus hou vas aan die objektiewe Bybelse waarheid dat alle voedsel “rein” is en geëet mag word. Hierdie objektiewe Bybelse waarheid is ook sy subjektiewe (persoonlike) geloof.

Maar, alhoewel die Bybel die objektiewe waarheid leer dat alle voedsel “rein” is, is daar Christene met ’n subjektiewe oortuiging dat bepaalde soorte voedsel “onrein” is. ’n Swak Christen mag wel objektief weet dat alle voedsel deur Jesus Christus “rein” verklaar is (Markus 7:19), maar tog subjektief glo dat bepaalde soorte voedsel “onrein” is. Byvoorbeeld, hy kan onmoontlik varkvlies eet. Of hy is absoluut gekant teen alkohol drink. Wanneer sterk Christene met swak Christene omgaan, moet hulle nie alleen rekening hou met die objektiewe waarheid in die Bybel nie, maar ook met die subjektiewe, persoonlike oortuigings van die swak Christene!

Die houding ten aansien van afgode is dieselfde (sien 1 Korintiërs 8:4,7). Baie Christene weet dat afgode nie regtig bestaan (lewe) nie en dat alleen die enige God van die Bybel bestaan. Afgode bestaan alleen as dooie deur mense gemaakte beelde of as denkebeelde wat deur mense uitgedink is. Maar nie alle Christene weet dit of het hierdie oortuiging nie! Sommige Christene het deur hul agtergrond so gewoon geraak aan die bestaan van afgode (waarin nie-Christene glo) dat hulle alle offerandes (voedsel) aan die afgode as “onrein” beskou. Die verskil is tussen die Bybelse waarheid en die persoonlike oortuiging van hierdie Christene. Die onderskeid is tussen die objektiewe waarheid van die Bybel en die subjektiewe oortuiging van hierdie Christene! Christene behoort dus wel op hoogte te wees van die objektiewe Bybelse waarheid met betrekking tot die kontroversiële sake, maar nietemin rekening hou met hul eie subjektiewe oortuigings, menings en gevoelens enersyds en ook rekening hou met die subjektiewe oortuigings, menings en gevoelens van ander mense in hierdie sake. Mense kan alleen opgebou word op die terrein van hul subjektiewe oortuigings, menings en gevoelens in ’n atmosfeer van liefde, aanvaarding en wedersydse respek.

1 Korintiërs 8:4-13 sê: “Wat nou betref die eet van vleis wat aan ’n afgod geoffer is: ons weet dat daar geen afgod in die hele wêreld is wat (werklik bestaan of) iets beteken nie, en dat daar ook geen God is nie, behalwe Een. En al is daar ook sogenaamde gode (waarin mense glo), of dit in die hemel en of dit op die aarde is, soos daar trouens baie is wat “God” en baie wat “Here” genoem word, is daar nogtans vir ons net een God: die Vader, uit wie alles is en vir wie ons lewe; en net een Here: Jesus Christus, deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe. Maar nie almal het hierdie kennis nie. Daar is party van hulle wat so gewoon is aan afgode dat hulle nog altyd vleis eet asof dit ’n offer aan ’n afgod is. Daardeur word hulle gewete, wat reeds swak is, verder beswaar. Wat ons eet bring ons egter nie nader aan God nie. As ons nie eet nie, verloor ons niks nie; en as ons eet, wen ons ook niks nie. Maar pas op dat hierdie vryheid van julle nie vir dié wat swak is, ’n aanleiding tot sonde word nie. As jy wat hierdie kennis het, in ’n afgodstempel (in een of ander godsdienstige fees) gaan eet en iemand met ’n swak gewete sien jou, sal dit hom dan nie aanmoedig om die vleis as afgodsoffer te eet nie? Dan gaan die swakke verlore deur hierdie kennis van jou, en dit ’n broer vir wie Christus gesterf het. Deur so teen die broers te sondig en ’n las op hulle swak gewetens te lê, sondig julle teen Christus. Daarom, as ek deur wat ek eet, my broer laat struikel, sal ek nooit weer vleis eet nie: ek wil nie my broer se val veroorsaak nie.”

14:15-20a

Vraag 3. Welke houding sou Christene moet hê teenoor die kontroversiële sake?

Aantekeninge. Die beskrywings “swak” en “sterk” word nie bedoel om veragting uit te druk nie, maar alleen maar om ’n onderskeid aan te dui. Paulus noem die geloofsoortuiging wat mense verbied om bepaalde dinge te doen “’n swak geloof” omdat daardie soort geloof blootgestel word aan struikeling en val deur die gedrag van Christene met “’n sterk geloof” wat hulle toelaat om daardie dinge te doen.

(1) Christene moet hul gedrag laat bepaal, nie deur hul regte of vryhede nie, maar deur die liefde (Romeine 14:13,15).

Alle Christene (hetsy sterk, hetsy swak) moet dieselfde geloofsoortuigings hê oor die sake wat in die Bybel beveel, verbied en onderrig word. Hierdie sake is nie “kontroversiële sake” nie! Oor sake wat die Bybel duidelik beveel, verbied of leer mag geen mens ’n eie opvatting daarop nahou nie! Geen mens het die reg om die waarheid van die Bybel in goddeloosheid en ongeregtheid te onderdruk nie of te verdraai nie (Romeine 1:18,25).

Sterk Christene het die reg en die vryheid om bepaalde menings en oortuigings te hê oor bepaalde kontroversiële sake (dus sake wat NIE in die Bybel beveel, verbied of onderrig word nie). Maar hulle het nie die reg of die vryheid om die

kontroversiële sake te beoefen wanneer dit 'n swak Christen tot struikeling in sy geloof (of geloofsoortuiging) sou bring nie. Die wet van die liefde is baie belangriker dan die wet van regte en vryhede!

'n Christen met 'n sterk geloof (geloofsoortuiging) mag sy mening of oortuiging nie openlik verkondig nie as dit sy swak broer tot struikeling in sy geloof (geloofsoortuiging) sou bring nie. Hy mag sy reg en vryheid ook nie uitoefen in die teenwoordigheid van Christene met 'n swak geloof nie. As hy dit tog doen, rig hy sy broer te gronde. Dus, as daar 'n Christen met 'n swak geloof aanwesig is, dan mag 'n Christen met 'n sterk geloof nie sy mening (oortuiging) verkondig of beoefen nie. Persoonlike regte en vryhede is in die Christelike gemeenskap nie so belangrik as die beoefening van liefde tot die Christen wat 'n ander mening of oortuiging met betrekking tot die kontroversiële saak het.

(2) Christene moet hul gedrag laat bepaal deur wat die ander opbou (Romeine 14:13,15).

Christene mag mekaar nie te gronde rig nie (Romeine 14:15). Hulle mag nie God se werk in ander mense te gronde rig nie (Romeine 14:20). Die woord “te gronde rig” (Grieks: apollumi) is 'n sterk woord. In 1 Korintiërs 8:11 beteken dit “verlore laat gaan”. Maar hier beteken dit “om iemand nie tot afval van die Christelike Geloof te lei nie” of “na die ewige verderf te lei nie”.

Alle sonde rig mense te gronde. Wanneer 'n sterk Christen sy reg en vryheid m.b.t. 'n kontroversiële saak beoefen sonder om die mening, oortuiging of geloof van die swakke Christen in ag te neem, dan is hy besig om die geloof van die ander af te breek. Dan sondig hy teenoor sy broer en teenoor God. Hy sondig, d.w.s. hy mis God se doel deur nie lief te hê nie en nie begaan te wees oor die geestelike welsyn van sy broer nie. Sy liefdelose gedrag veroorsaak dat die swakke broer in sy geloofsoortuiging m.b.t. die kontroversiële saak struikel en sy geloofsoortuiging word te gronde gerig.

Wanneer die swak Christen toelaat dat sy geloofsoortuiging omgegooi word deur die woorde of gedrag van die sterk Christen, dan rig hy homself ten gronde, d.w.s. hy sondig teenoor homself en teenoor God. Die sonde van die swak broer is dat hy sy eie godsdienstige oortuiging en sy gewete oortree. As die swak broer aanhou om teen sy eie oortuiging en gewete te lewe en hierdie breuk van trou teen sy geloof en gewete nie herstel nie, dan kan hierdie Christen ernstige geloofsprobleme en persoonlikheidsprobleme oploop. Nietemin, “is God in staat om hom staande te hou” (Romeine 14:4).

Die sterk Christen moet rekening hou met die effek wat die uitspraak van sy oortuiging en sy gedrag m.b.t. die kontroversiële saak op die swak broer kan hê. Sowel die sterk as die swak Christen mag nie skuil agter die Bybelse leer oor die sekerheid van verlossing en die ewige volharding van die Christen tot die einde toe nie. Swak Christene is ook die skepping van God (Efesiërs 2:10) en God is nog nie klaar om hulle op te bou nie. Daarom mag sterk Christene met hul mening of oortuiging op die gebied van die kontroversiële saak die geloofsoortuiging van die swak Christen nie afbreek nie.

(3) Christene het die verantwoordelikheid om die koningskap van Jesus Christus en nie hul eie regte en vryhede te bevorder nie (Romeine 14:17-19).

Wanneer die regte en vryhede van die sterk Christen die geloof van die swak Christen skaad, kom sy regte en vryhede .in diskrediet. Wat belangrik is in die koninkryk van God, is nie om vas te hou aan sterk menings en geloofsoortuigings m.b.t. kontroversiële sake nie, maar om die liefde (Johannes 13:34-35) en die “geregtigheid, vrede en blydskap in die Heilige Gees” (Romeine 14:17) te bevorder. Die koninkryk van God is die gebied waar God se soewereine heerskappy erken word en sy wil oppermagtig is! Dit is die wêreld waaraan die Christen behoort.

Wanneer wette oor ete, drinke en kleding die belangrikste word, dan het hulle in hul denke en gedrag al heel ver afgedwaal van wat belangrik is in die koninkryk van God. Die verantwoordelikheid van 'n Christen in die koninkryk van God is om reg te doen in die oë van God, om vrede in die verhouding met mense te bevorder en om alleen dinge te sê en te doen wat die ander opbou, sodat almal daarvan bly word. Alleen deur hierdie dinge te doen, dien 'n Christen Jesus Christus, geniet hy die guns van God en die agting van mense (veral nie-Christene) (Romeine 14:18-19). Ongevoelige gedrag van sterk Christene het enorme gevolge vir die beoordeling deur en agting van nie-Christene. Christene moet nie aan die vyande van Christene redes gee om die Christelike Kerk/Gemeente sleg te maak nie. Doen wat reg in God se oë is en harmonie in menslike verhoudinge is twee dinge wat die houding en gedrag van Christene in die Gemeente moet beheers.

14:20b-23

Vraag 4. Wat is die verband tussen subjektiewe oortuigings met betrekking tot die kontroversiële sake en sonde?

Aantekeninge. Sowel sterk als swak Christene het menings en geloofsoortuigings met betrekking tot die kontroversiële sake. Maar as 'n mens nie in ooreenstemming daarmee leef nie, sondig hy.

(1) Christene mag niks teen hul eie oortuigings doen nie.

Romeine 14:20 sê letterlik: “Moenie oor kos afbreuk doen aan (iemand laat struikel in) (Grieks: proskomma) die werk van God nie.” Volgens sommige verklaarders is dit 'n verwysing na die swak Christen wat teen sy eie gewete eet en drink. Sy gedrag toon dat hy dit nie in geloof doen nie. En enigiets wat 'n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde (Romeine 14:23). Volgens ander is dit 'n verwysing na die sterk Christen wat deur middel van wat hy eet en

drink aanstoot gee aan die swak Christen (hom laat struikel in sy geloofsoortuigings). Die gedrag van die sterk Christen kwel die swak Christen. Altwee vertalings is moontlik, maar die eerste is juis. Die swak Christen struikel as hy teen sy eie oortuiging eet, d.w.s., teen sy eie gewete en sonder geloof eet (Romeine 14:14,23).

Daarom word die sterk Christen in Romeine 14:21 vermaan om niks te doen wat die swak Christen laat struikel in sy geloof of geloofsoortuigings nie, “Dit is goed as ’n mens nie vleis eet (wat eers as ’n spysoffer aan die gode geoffer is en daarna op die mark verkoop word om geëet te word) of wyn drink (wat eers as ’n drankoffer aan die afgode geoffer word en daarna op die mark verkoop word om gedrink te word) of enigiets doen wat jou broer laat struikel nie” (Grieks: proskoptó). Die swak Christene het veral twee gewetensbesware, naamlik, vleis eet en wyn drink. Die swakkes in die geloof het gemeen dat die eet van vleis en die drink van wyn wat eers aan die afgode geoffer is, hul “onrein” maak (Romeine 14:14).

In hierdie verband is dit goed om die woorde van die Here Jesus Christus te onthou, “Niks wat van buite af in ’n mens ingaan, kan hom onrein maak nie, omdat dit nie in sy hart ingaan nie maar in sy maag, en daarna uit sy liggaam uitgaan” (Markus 7:15-23).

**(2) Christene moet alles uit geloof doen, dit wil sê,
wat in ooreenstemming is met hul persoonlike geloofsoortuiging is.**

Sterk Christene het die reg om sterk menings of oortuigings oor hul vryhede met betrekking tot die kontroversiële sake te hê (Romeine 14:22). Maar hulle mag hul sterk menings of oortuigings nie loslaat nie, anders handel hulle ook sonder geloof (Romeine 14:23). Hulle mag ook nie hul sterk menings of oortuigings aangaande hul vryhede in die openbaar verkondig nie en ook nie ten toon stel nie of kampanje voer vir hul regte en vryhede tot nadeel van swak Christene nie. In plaas daarvan moet hul menings of oortuigings met betrekking tot die kontroversiële sake ’n saak tussen hulle en God bly (Romeine 14:22).

Swak Christene het die reg om ander menings en oortuigings te hê met betrekking tot dieselfde kontroversiële sake en hulle mag hulself onthou van die dinge wat die sterk Christene doen (Romeine 14:22). Maar ook hulle mag nie hul persoonlike menings of oortuigings loslaat nie, anders handel ook hulle sonder geloof (Romeine 11:23)! Hulle mag niks doen met sake waarvoor hulle twyfels het of wat hul gewete veroordeel. Alhoewel hulle deur die voorbeeld van die sterk Christene versoek word om in te gee en hul gewete te oortree, bly hulle verantwoordelik dat hulle al hul handeling met persoonlike oortuiging doen. Romeine 14:23 sê, “As iemand egter twyfel en tog eet, is hy klaar veroordeel omdat hy dit nie uit geloofsoortuiging doen nie. En enigiets wat ’n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde.” As ’n swak Christen tog sy gewete oortree en dinge doen waarvan hy oortuig is dat dit verkeerd is, dan handel hy sonder geloof. En dit is sonde!

Daarom moet sowel sterk as swak Christene alleen dié dinge doen waarvoor hulle subjektief (persoonlik) geloof het dat dit goed is. Christene kan alleen vasstaan deur geloof!

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou ’n dinkskrum en stel ’n kort lys saam van moontlike toepassings uit Romeine 14:1-23.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy ’n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudie notaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel ’n waarheid dieselfde bly, daar ’n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg ’n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Romeine 14:1-23.

- 14:1,3. Die sterk Christen behoort die gewetensbesware, menings of geloofsoortuigings van swak Christene m.b.t. die kontroversiële sake te aanvaar sonder op die swak Christene of hul oortuigings neer te kyk.
- 14:3. Die swak Christen mag die sterk Christen of sy geloofsoortuiging m.b.t. die kontroversiële sake nie veroordeel nie (bv. as ongeestelik).
- 14:5,23. Sowel swak as sterk Christene behoort heeltemal oortuig te wees van wat hulle persoonlik (subjektief) glo met betrekking tot die kontroversiële sake. Hulle behoort oortuig te wees dat dit waar, juis en goed vir hulle is. Hulle behoort alleen te handel op terreine waarvan hulle glo dat die juis en goed vir hulle is!
- 14:6-9. Wat ’n Christen ook al doen op die terrein van die kontroversiële sake, behoort hy “van harte te doen soos vir die Here en nie vir mense nie” (Kolossense 3:23) en “met danksegging te doen” (Kolossense 3;17; Romeine 14:6).
- 14:10-12. Christene behoort so te lewe dat dit duidelik is dat hulle op die laaste oordeelsdag persoonlik verantwoording sal aflê oor hoe hulle geleef het.
- 14:13,20. Sterk Christene moet besluit nooit ’n struikelblok op die pad van swak Christene te lê nie en op hierdie manier God se werk ten gronde te rig nie.
- 14:14. Alhoewel alle voedsel op sigself “rein” is, mag ’n swak Christen alleen eet wat hy glo dat dit vir hom “rein” is.

- 14:15,21. 'n Sterk Christen behoort hom te weerhou van vleis eet en wyn drink as hierdie sake 'n *aanwesige Christen* kwel of sal laat struikel in sy geloofsoortuiging
- 14:15. Die gedrag van 'n sterk Christen moet nie bepaal word deur sy regte en vryhede, maar deur sy liefde vir God, sy naaste en homself.
- 14:16,22. Sterk Christene moet nie toelaat dat swak Christene kwaad spreek oor hul persoonlike geloofsoortuigings m.b.t. die kontroversiële sake nie. Hulle moet ook nie hulleself veroordeel dat hulle sulke menings of geloofsoortuigings het nie.
- 14:17,19. Die gedrag van Christene hoort bepaal te word deur die koningskap van Jesus Christus wat eis dat 'n mens doen wat reg is in sy oë, wat vrede bring tussen Christene met verskillende geloofsoortuigings en blydskap bring in alles wat hulle onderneem.
- 14:22. Sterk en swak Christene behoort hulle persoonlike menings of oortuigings m.b.t. die kontroversiële sake tussen hulleself en God te hou.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Romeine 14:1-23.

Ek wil versigtiger wees om nie ander Christene te kritiseer, oordeel, verdoem of op hulle neer te kyk nie, veral wanneer dit gaan oor kontroversiële sake.

Ek wil versigtiger wees om nie iets te sê of te doen wat ander Christene laat struikel in hul geloofsoortuigings nie.

STAP 5. BID.

REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Romeine 14:1-23.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5

GEBED (8 minute)

[VOORBIDDING]
BID VIR ANDERE

As *daar tyd is gaan voort met bid* in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6

VOORBEREIDING (2 minute)

[OPDRAGTE]
VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

- Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die Koningskap van Jesus Christus te verkondig.
- Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Romeine 14:1-23 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
- Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Daniël 2, 3, 4 en 6.** Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
- Memorisering. (18) Romeine 13:8. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
- Onderrig. Berei **die gelykenis van "die tien meisies"** in Matteus 25:1-13 tuis voor. Maak gebruik van die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse.
- Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
- Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.